# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 7 Desember 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

**"It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of Light, it was the season of Darkness, it was the spring of hope, it was the winter of despair, we had everything before us, we had nothing before us, we were all going direct to Heaven, we were all going direct the other way – in short, the period was so far like the present period, that some of its noisiest authorities insisted on its being received, for good or for evil, in the superlative degree of comparison only" Charles Dickens**

## SITRUSBEDRYF GROEI – GELEENTHEID OF NIE

Die bome is in die grond en die vrugte gaan geproduseer word. In die volgende drie tot vyf jaar sal sitrusuitvoere van Suid-Afrika vanaf 2 miljoen na 2.5 miljoen ton vermeerder. Die addisionele 500 000 ton kan of 'n ramp of 'n geleentheid wees. As alle rolspelers saamwerk, en hard werk, sal hierdie ekstra volume tot addisionele werk, 'n groeiende bedryf, landelike ontwikkeling, addisionele beleggings en buitelandse verdienstes lei. In breë terme is daar twee essensiële elemente na 'n suksesvolle groeipad: 1)Aandag aan die logistieke infrastruktuur en toerusting om die addisionale volume na die hawe van laai, deur die hawe en tot by die finale bestemming, te kry. 2) Opening van nuwe markte vir suider-Afrika se sitrus, markte te behou en marktoegang se toestande te optimiseer.

**Logistiek:** Daar is 'n gesegde dat "planes are sexier than cranes". In die verlede wanneer die Suid-Afrikaanse regering met beleggingsbesluite gekonfronteer is, was die neiging om geld in die nie-winsgewende nasionale lugdiens te stort, terwyl beleggings in winsgewende staatsentiteite geïgnoreer is. Gevolglik is die Durban-hawe, wat die grootste deel van Suider-Afrika se sitrus hanteer, besig om uit mekaar te val. Die infrastruktuur het dringend 'n opgradering nodig, en nuwe toerusting is ook baie nodig. Daarbenewens is die hawe se bedrywighede op internasionale norme agter in terme van hawe doeltreffendheid. Een van die punte in die sespuntplan is om die doeltreffendheid van die hawe te verbeter. Die ander elemente sluit die gebruik van Maputo-hawe in, die verhoging van die volume wat per spoor na Durban-hawe vervoer word, verhoging van kapasiteit van koelkamers in die gebied van die Durban-hawe, beleggings in hubs waar vragte gehou kan word en na die hawe geneem word, en die gebruik van IT om te help om doeltreffendheid te verbeter. Die regering en die bedryf het dus die geleentheid om hierdie te maak werk - die produk is daar; ons moet dit net laat gebeur. Veral Transnet, Departement van Vervoer, eienaars van koelkamers, Departement van Landbou, Vissery en Bosbou, padvervoer en skeepsrederye moet saamwerk om die beste van die geleentheid te maak.

**Marktoegang:** Uitvoervolumes na die Asiatiese streek het oor die afgelope tien jaar toegeneem, en hierdie streek bied die meeste geleenthede vir volgehoue groei. DAFF is op die punt om sitrus na die Filippyne, en lemoene na Viëtnam goedgekeur te kry. Daar is egter 'n behoefte aan meer proaktiewe aksie en 'n groter dringendheid. Die finalisering van 'n verandering in die suurlemoenprotokol na China sal die spel verander en moet hoog op die regering se agenda wees. Net so sloer die in-transit koue behandeling vir die Indiese besendings ook te lank. Die VSA draal ook al lank met die finale wetgewing vir wyer toegang vir Suid-Afrikaanse sitrus - DAFF moet antwoorde kry oor waarom 'n wet wat vir einde van September beloof is, dan 15 Oktober, nog nie afgehandel is nie. Wat die EU betref, kan Suid-Afrikaanse sitrus-uitvoerders nie voortgaan om R1,86 miljard per jaar te betaal om aan oormatige EU-maatreëls vir CBS te voldoen nie. Dit is tyd om die tegniese geskil vir eens en altyd op te los. Dan is daar die kwessie van Vrye Handelsooreenkomste of Voorkeur Handelsooreenkomste - dit blyk dat mededingende suidelike halfrond lande dit op 'n weeklikse basis onderteken, terwyl Suid-Afrika deur streeksooreenkomste en kapasiteitsbeperkings verhoed word, wat die vrugtebedryf laat om vir markaandeel met een hand agter hul rug vasgebind, te veg. Vir die stygende volumes om "best of times" te wees, sal die bedryf en regering hierdie kwessies as 'n ware publieke - privaat vennootskap moet aanspreek. Dit kan nie besigheid soos altyd wees nie - ons het nie die tyd nie.

**DIE SITRUS SUMMIT SAL BAIE VAN DIE SAKE AANSPREEK - BESOEK WWW.CGA.CO.ZA**

## GROOTMAAT VERSKEPING NA CHINA GOEDGEKEUR

Op 16 November 2018 het die Suid-Afrikaanse en die Chinese regerings 'n protokol onderteken wat toelaat dat sitrusvrugte van Suid-Afrika na China in spesifieke verkoelingsskepe (bulk reefers) verskeep kan word. Die oorspronklike protokol wat in 2004 onderteken is laat slegs toe dat verskeping in houers kan plaasvind. Die verandering in protokol maak dit vir uitvoerders moontlik om saamlaai van Chinese verskepings met vrag wat vir Japan en/of Suid-Korea bestem is, te oorweeg. Verskepings wat saam gelaai word, sal in aparte kompartemente gehou moet word. Dankie aan DAFF, PPECB en CRI vir die verandering aan die protokol.